

# **Maak Self 'n Rak Vir Jou Studeerkamer.**

Moeg vir al die boeke wat oral rond lê en net in die pad is?

Maak jou eie studeerkamerrak met net ses planke en 'n hand vol skroewe en tappenne. Goedkoper en eenvoudiger kan dit nie wees nie.

## Noodsaaklike gereedskap:

werkbank met skroef- en bankklem, passer, potlood, liniaal, winkelhak, blokskaaf, hamer, klampe, staanboor, 12 mm-spiraalboorpunt, groot skuinskantmes, 7 mm-versinkboorpunt met bypassende propsnyer, skroewedraaier, skuurblok, verfkwas.

## Ander nuttige gereedskap:

koordlose skroewedraaier, kragsskuurder, afwerkmes.

## Materiaal:

Dennehout, afvalhout vir die nutshouers, 6 spykers vir die nutshouer (geskikte grootte), 200 mm x 12 mm-tappen, 22 staalversinkskroewe (30 mm x nr. 8), skuurpapier (grade 150 tot 300), 'n swart viltpuntmerker, PVA-lym, mat vernis, terpentyn om kwas skoon te maak.

## Afmetings:

- 2 stukke 960 x 160 x 20 mm (rakke),
- 2 stukke 250 x 160 x 20 mm (syplanke),
- 2 stukke 250 x 160 x 20 mm (rugplanke).

Neem al ses voorbereidende planke (na grootte gesaag en geskaaf) en maak seker dat hulle in 'n goeie toestand is - nie kromgetrek nie en sonder barste of lastige kwaste. Skaaf die punte glad met die blokskaaf en skuins al die rante effens af.

Gebruik afvalhout om 'n nutshouer ('n toestel om 'n stuk tydens konstruksie vas te hou) waarin die rakplank se punt kan pas te maak. Sit 'n rak in die nutshouer en klamp dit aan die staanboor se blad vas sodat die 12 mm-boorpunt in posisie is. Boor die taggate.


Gebruik 'n liniaal en potlood om 23 mm lengtes op die 12 mm-tappen af te merk. Plaas die mes op die merk en rol die tappen om dit deur te sny. Let op hoe die mes se breë afskuinsing die tappen 'n geronde punt gee.

Skuur die penne se punte effens koepelvormig. Kleur dit nou met die viltpen.

Druk nou die tappen in die gate aan die punte van die rakke (hulle sal effens uitsteek).

Boor gate met die versinkboor deur die sy en rugplanke. Draai die skroewe in sodat hulle koppe so ongeveer 5 mm onder die oppervlak is.

Sny proppe uit afvalhout en lym hulle vas om die skroewe te bedek. Skuur nou die hele rak mooi glad en wend laastens 'n laag vernis aan.



Bron: *Vinnige en maklike projekte vir die naweekhoutwerker* (Struik), Alan en Gill Bridgewater.

Makliker as een, twee, drie.